



## **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 18 SEPTEMBER 2019 OM 09:00**

---

### **TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

#### Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons  
Rdl O M Stemele  
Rdh R F van der Westhuizen  
Rdd M van Zyl

#### Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Komiteebeampte, me S A Kulsen

### **1. OPENING**

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdd M van Zyl om die vergadering met gebed te open.

### **2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen

### **3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBURTE**

Geen

### **4. NOTULES**

#### **4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 AUGUSTUS 2019**

#### **BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 Augustus 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

### **5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE**

#### **5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 11 SEPTEMBER 2019**

*[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]*

Aanbevelings voorgelê vir bekragtiging:

5.1.1/...

5.1/...

#### **5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### **5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

#### **5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

#### **5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

### **6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

### **7. NUWE SAKE**

#### **7.1 SWARTLAND STRAATNAMEBELEID (16/5/6)**

Die behoefte aan die ontwikkeling van 'n Straatnamebeleid spruit voort uit die toekenning van straatname in die Phola Park-behuisingprojekte. Konsultasie met die aangewese Behuisingskomitee is bemoeilik by die gebrek aan 'n beleid en is daar druk op die Munisipaliteit uitgeoefen – ook d.m.v. 'n petisie – om sekere persone te vernoem.

Die aangehegte beleid is opgestel met in ag neming van die riglyne m.b.t. die toekenning van straatname wat in Augustus 2016 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar is.

**BESLUIT** dat die Straatnamebeleid soos voorgelê, aanvaar word.

#### **7.2 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE- EN RISIKO-OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 28 MEI 2019 SOWEL AS DIE HALFJAARLIKSE VRSLAG VIR DIE PERIODE GEËINDIG 30 JUNIE 2019**

Die Prestasie en Risiko Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 28 Mei 2019 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 28 Mei 2019 asook die halfjaarlikse verslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 30 Junie 2019.

#### **7.3 TOESTAND VAN GETEERDE STRATE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT (8/2/1)**

Die verslag insake die toestand van geteerde strate in die Swartland munisipale area het ten doel om die begrotingsimplikasies ten opsigte van die onderhoud aan paaie aan die Raad uit te spel.

## 7.3/...

Om die funksionaliteit van teerstrate te behou word spesifieke intervensies (o.a. herseel) vereis om slaggate te voorkom en verdere agteruitgang van die basislaag van die padoppervlakte. Wanneer geskeduleerde onderhoud/herseel van strate nie plaasvind nie is die uitgawes aan rehabilitasie van strate soveel hoër en kan die Raad nie bekostig om verder agter te raak met die onderhoudsprogram nie.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die 2018/2019 status quo verslag aangaande die toestand van geteerde strate in die Swartland Munisipaliteit.

**7.4 MANDAAT: KOLLEKTIEWE OOREENKOMS INSAKE DIENSVOORWAARDES VIR DIE WESKAAPSE AFDELING VAN DIE SALGBC (PLAASLIKE REGERING BEDINGINGSRAAD) (4/2/1)**

Die kollektiewe ooreenkoms insake diensvoorwaardes vir die Wes-Kaapse afdeling van die SALGBC het op 1 April 2016 vir 'n tweede periode tot en met 30 Junie 2019 in werking getree. Die partye in die afdeling het besluit om die ooreenkoms uit te brei tot 31 Maart 2020. Die partye begin binnekort met onderhandelinge oor die verlenging van die ooreenkoms na 31 Maart 2020 en sal die geleentheid hê om voorstelle te maak vir wysigings/verbeterings.

Die kollektiewe diensooreenkoms vir die Wes-Kaapse afdeling van die SALGBC is deeglik deur die Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne nagegaan, en geen verdere kommentaar of insette is nodig nie.

**BESLUIT** dat die mandaat aan SALGA goedgekeur word dat Swartland Munisipaliteit geen wysigings aan die Kollektiewe Ooreenkoms oor Diensvoorwaardes vir die Wes-Kaapse afdeling van die SALGBC voorstel nie.

**7.5 VERVREEMDING VAN ONROERENDE RESIDENSIËLE EIENDOMME GELEË TE GLEN LILY SUID, MALMESBURY (12/2/5/4-8/17)**

Gedurende Julie 2017 het die Raad verskeie eiendomme vanaf *Little Swift Investments 191 Proprietary Limited* teen 'n bedrag van R7 miljoen aangekoop.

Die betrokke eiendomme is ingevolge 'n raadsbesluit van 26 Oktober 2017 as volg mee gehandel –

- (1) 95 erwe is in Glen Lily Noord (nou bekend as *Olive Place*) aan MSP Properties by wyse van 'n publieke veiling ten bedrae van R10,5 miljoen verkoop;
- (2) 5 erwe is in Glen Lily Suid aan eerste huiskopers verkoop op veilings wat op 6 September en 29 November 2018 onderskeidelik plaasgevind het;
- (3) die res van die erwe is beskikbaar om uit-die-hand vervreem te word.

Die verslag tot die sakelys het ten doel om te rapporteer insake die hoeveelheid erwe wat intussen aan privaat eienaars oorgedra is.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word dat slegs 15 van die 37 municipale erwe in Glen Lily Suid nog oorgedra moet word aan privaat eienaars;
- (b) Dat kennis geneem word dat die nuwe trustees op die Glen Lily Suid Huiseienaarsvereniging tydens die Algemene Jaarvergadering op 17 September 2019 verkies is, en dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste se aanstelling dus outomaties verstryk het.

**7.6 AANHOU VAN HONDE: ERF 432, MOORREESBURG**

Daar word al sedert 2016 klages ontvang rakende die geraasoeflas wat voorspruit uit die aanhou van 'n groot aantal honde op Erf 432, Hoofstraat, Moorreesburg. 'n Klage is in hierdie verband by die plaaslike polisiekantoor gelê, maar is destyds deur die nasionale vervolgingsgesag van die rol geskrap.

## 7.6/...

Die inwoners van die omgewing het in Desember 2017 'n petisie aan die Munisipaliteit gerig om dringend teen die oorlas op Erf 432 op te tree. Die raadsprokureur het aanbeveel dat die klaers in hul persoonlike hoedanighede klagtes van rusverstoring by die staatsaanklaer aanhangig maak, aangesien die Orlasverordening op daardie stadium nie 'n beperking geplaas het om die aantal honde wat aangehou mag word nie.

Intussen is die gewysigde Verordening insake Publieke Oorlaste op 12 April 2019 afgekondig, wat onder meer die aanhou van honde beperk tot twee per residensiële eiendom.

Tydens 'n besoek van die Dierebeskermingsvereniging op 1 September 2019 aan die perseel, is daar bevind dat daar tans 36 honde op die perseel aangehou word.

Behalwe van die verklarings van vyf klaers in die omgewing, het die raadsprokureur aanbeveel dat 'n verklaring ook deur die betrokke wyksraadslid afgelê moet word aangesien sy deurlopend betrokke was by die saak.

### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die onhoudbare situasie op erf 432, Moorreesburg rakende die aanhou van honde in stryd met die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Openbare Oorlaste soos per PK 8081 gedateer 12 April 2019;
- (b) Dat die wyksraadslid vir wyk 1, rdd Marlene van Zyl, gemagtig word om 'n verklaring namens die Munisipaliteit te liasseer.

## 7.7 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY PHYSICAL CULTURE CLUB (17/9/2/R)

Die Malmesbury *Physical Culture Club* maak tans gebruik van die nuwe gimnasium by die Alphastraat Sportgronde. Daar is nog nie vantevore 'n huurooreenkoms met die klub aangegaan nie.

### **BESLUIT**

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met die Malmesbury *Physical Culture Club* aangegaan word vir die huur van die gimnasiumfasiliteite by die Alphastraat Sportgronde vir 'n termyn van een (1) jaar met ingang vanaf 1 Oktober 2019;
- (b) Dat die huurgeld R120,00, plus BTW, per jaar sal beloop.

## 7.8 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY ROLBALKLUB ((17/9/2/R))

Die Malmesbury Rolbalfasilitete word op 'n jaar-tot-jaar basis aan die Malmesbury Rolbalklub verhuur. Die huurooreenkoms verstryk op 30 September 2019.

### **BESLUIT**

- (a) Dat 'n verdere huurooreenkoms met die Malmesbury Rolbalklub (ten opsigte van die rolbalfasilitete) aangegaan word vir die huur van die fasilitete vir 'n tydperk van een (1) jaar met ingang van 1 Oktober 2019;
- (b) Dat die huurgeld R120,00, plus BTW, per jaar sal beloop;
- (c) Dat die huurooreenkoms met ingang van 1 Oktober 2019 verstryk.

## 7.9 UITSTAANDE DEBITORE: AUGUSTUS 2019

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Augustus 2019.

**7.10 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: AUGUSTUS 2019 (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSROSEDURES: HERSTELWERK AAN DIE VULLISKOMPAKTEERDER CK 21988 (6/1/2/1)**

Die vullisvragmotor, CK 21988, is toegerus met 'n Heil 500 kompakteerder-eenheid wat buite werking geraak het. Die verskaffer, Transtech, is genader om 'n kwotasie te voorsien.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die wnde Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van Transtech vir die herstel van die lem en die skuifmontering van die kompakteerder-eenheid van die vullisverwyderingsvragmotor, CK 21988;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeteken word:
  - (i) Transtech is die oorspronklike vervaardiger en verskaffer en handelsnaamhouer vir Heil-toerusting in Suid-Afrika en die diens kan dus slegs by hierdie enkele diensverskaffer verkry word;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R76 055.26 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE RATKAS VAN MENGER IN DIE BELUSTINGSONE 2, MALMESBURY RIOOLWERKE (6/1/2/1)**

Die rioolsuiweringsproses by die Malmesbury-WWTW werke bestaan uit 'n membraan-stelsel. Die stelsel bestaan uit verskeie komponente uitgerus met meganiese toerusting wat rioolafval tussen verskillende sones vervoer gedurende die suiweringsproses. Dit is uiter noodsaaiklik dat alle komponente in 'n werkende toestand is en onmiddellik herstel word in die geval van faling.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsiening-kanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die wnde Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van die ratkas van 'n menger by die belugtingsone by die Malmesbury-WWTW deur GW Trautman vir 'n bedrag van R41 233.91 (BTW uitgesluit);
- (c)/...

## 7.12/...

- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Die menger sou vir 'n geruime tyd buite werking wees sou die normale verkrygingsprosesse gevolg word, en
  - (ii) Gevolglik aanleiding gee tot die ineenstorting van die biologiese reaktor en verdere skade aan ander meganise komponente;
  - (iii) Die herstelwerk aan die ratkas is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R41 233.91 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE CHLOOR DOSERINGSTASIE BY DIE PANORAMA RESERVOIR, MALMESBURY (6/1/2/1)**

Swartland Munisipaliteit word voorsien van behandelde drinkwater vanaf die Swartland Watersuiweringswerke by die Voëlvleidam. Weens die aantal kilometers wat die water vervoer wat tot by die onderskeie reservoires in die munisipale area, is dit nodig dat 'n tweede dosering chloor toegeadies word om water aan verbruikers te voorsien wat aan die SANS 241 kwaliteitstandaard voldoen.

Die doseringstoerusting by die Panorama-reservoir het buite werking geraak en dringende herstelwerk is benodig.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbelied;
- (b) Dat die aksie van die wnde Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van die chloordoseringstoerusting by die Panorama Reservoir, Malmesbury deur *Maxal Projects* vir 'n bedrag van R42 753.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Die chloordoseringstoerusting sou geruimte tyd buite werking wees sou die normale verkrygingsprosesse gevolg word;
  - (ii) Met die toerusting buite werking is daar geen oorblywende chloor in die water wat aan verbruikers verskaf word nie, wat die risiko vir sekondêre besoedeling, biologiese ineenstorting en negatiewe gevolge vir menslike gesondheid verhoog;
  - (iii) Die herstelwerk aan die chloordoseringstoerusting is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R42 753.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/249-679-259 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

## 7.14/...

## **7.14 AANSOEK OM SIEKVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN AANWYS VAN WAARNEMENDE BESTUURDER (4/8/3)**

Die Municipale Bestuurder gaan 'n maksimum van 10 dae siekverlof moet neem vir 'n mediese prosedure en doen gevolglik aansoek by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir bekratiging van verlof en aanwys van waarnemende municipale bestuurder.

### **BESLUIT**

- (a) Dat daar kennis geneem word van die Municipale Bestuurder se siekverlof met ingang van 19 September 2019;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, na oorlegpleging tussen die Uitvoerende Burgemeester en Municipale Bestuurder versoek is om as Municipale Bestuurder waar te neem;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Beskermingsdienste oor die nodige ondervinding, kwalifikasies en minimum vereistes beskik om as Municipale Bestuurder waar te neem;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat die Municipale Bestuurder se presiese siekverlofdae teen die einde van September 2019 gefinaliseer sal word op die verlofstelsel, na gelang van die werklike hoeveelheid, siekverlof geneem.

## **7.15 LEWERING VAN 'N BRANDWEERDIENS (17/5/2/1)**

Die verslag tot die sakelys bied agtergrond tot besluite geneem op die DCF-vergaderings van 21 Februarie en 23 Mei 2019 onderskeidelik insake die lewering van 'n brandweerdiens deur die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM).

Ten spyte daarvan dat onderhandelinge ingevolge die DCF-besluite nie volvoer is nie, het die WKDM die 10 jaar oue Diensleweringsverhouding en –Ooreenkoms met Swartland Munisipaliteit eensydig opgeskort.

### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word **en aldus goedkeuring gegee word aan die inhoudelike van die skrywe van die Municipale Bestuurder gedateer 16 September 2019** aan die Weskus Distriksmunisipaliteit;
- (b) Dat **die implikasie hiervan is, dat** goedkeuring verleen word dat Swartland Munisipaliteit voortgaan om die Brandweerdiens binne sy jurisdisie gebied te lewer en dat interne kapasiteit geskep word om die brandweerdiens oor die volgende drie finansiële jare uit te brei om die funksie van struktuurbrande in ons regsgebied te volvoer, sowel as veldbrande binne die stedelike randgebied, soos wat tans **gedoen word**;
- (c) Dat die Minister van Plaaslike Regering, mnr A Bredell dienooreenkomsdig ingelig word van Swartland Munisipaliteit se besluit, **met inbegrip van die brief van 16 September 2019 aan die Weskus Distriksmunisipaliteit sowel as Aanhangsels A en B.**